# MOONTLIKE ANTWOORDE VIR:

**AFRIKAANS EERSTE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

## AFDELING A
## POëSIE
## VRAAG 1
### met 'n bossie bergblomme

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Versreëls is nie ewe lank nie / geen hooflettergebruik nie / geen eindrymskema / geen vaste ritmiese patroon nie. (enige twee) | (2) |
| 1.2 | Nederige blomme | (1) |
| 1.3 | Klokhelder | (1) |
| 1.4 | Blydskap/vreugde/waardering/bewondering/vrolikheid/opgewondenheid | (1) |
| 1.5 | Die jy verjaar/die jy ontvang blomme (geskenk) | (1) |
| 1.6 | <u>K</u>an <u>k</u>lap (indienregtewoorde, wel 'n punt) | (2) |
| 1.7 | Die klap van die hande/klap/klapgeluid/applous | (1) |
| 1.8 | Vroulik | (1) |
| 1.9 | 'n Man stuur gewoonlik vir die vrou / dame / meisie blomme | (1) |
| 1.10 | Angeliere/dwergangeliere | (1) |
| 1.11 | Nee | (1) |
| 1.12 | Omdat die jy verjaar | (1) |
| 1.13 | Besonder(e)/baie/tonne/hope/massa(s) | (1) |
| 1.14 | Vuriger/dieper/verryk | (1) |

**Stad in die mis**

1.15 Ek / eerstepersoon (nie 'n bang of versigtige persoon nie) (1)

1.16 Spier (meer as 1 woord = 0) (1)

1.17 Letterlik (1)

1.18 Daar sluip 'n dier om hom. (hy word bedreig – a.g.v. die dier/bang vir die dier)
L.W. – die mis is nie die bedreiging nie. (1)

1.19 Knor/knorgeluid (1)

1.20 B. (geen omskrywing) (1)

1.21 B. (geen omskrywing) (1)

1.22 Positief – ek hou van die moderne stad omdat daar so baie vermaaklikheidsgeleenthede is.

Negatief: Ek hou nie van die stad nie omdat daar so baie euwels is / dit so onpersoonlik is.
(Geen punt vir slegs positief of negatief nie. Die motivering moet ook daar wees). (2)
**[25]**

**VRAAG 2**

**HIPPIE**

2.1 Voor 'n kafee. Op 'n stoel/plantaardig/dom/sorgeloos/slap/sitlêposisie (2)

2.2 Ja want hy ly honger.
Nee want hy steel / leef verkeerd. (Antwoord en motivering moet sluit). (2)

2.3 'n Pers flap / iris. (1)

2.4 "reis om homself"
(– 1 as die aanhalingstekens ontbreek; 0 as die antwoord nie uit 3 woorde bestaan nie). (2)

2.5 Geslote (slegs 1 woord) (1)

2.6 Merk enige antwoord reg/daar is nie alliterasie nie (vraestelfout) (2)

2.7 Hy is arm / hy is ruggraatloos /hy besit niks. (1)

2.8 Malvas. (1)

2.9 Nee. Hulle het dooie houtoë./houtoë kan nie sien nie/stel nie belang nie/dis te veel moeite (Gaan NIE oor gedig se klankbou NIE) (2)

2.10 'n Vergelyking. (1)

2.11 Beklemtoon die hippie (kind) se beweging/ lewenslustigheid/ energieke leefwyse van die kind. (2)

2.12 Miskien. (1)

2.13 bouval / malman / afgrond (enige 2) (2)
[20]

**Musiek**

2.14 Dit is God. (1)

2.15 C. (geen omskrywing) (1)

2.16 Tenger (slegs een woord). (1)

2.17 Glas wat sing. (1)

2.18 C. (geen omskrywing) (1)
[5]
[25]

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B

## DRAMA: DIE KEISER – Bartho Smit

## VRAAG 3

3.1

3.1.1 Hulle moet die Keiser bewaar van bekommernisse / Hulle moet die Keiser kalm (rustig) hou. (1)

3.1.2 Diplomaat – minister van buitelandse sake.
Maarskalk – minister van verdediging. (2)

3.2 Hy verstaan dit glad nie / hy verstaan niks nie. (1)

3.3 "hoë politiek/hofnar verstaan niks/hoë politiek (1)

3.4 Hofnar, die Wag, Kultuur, Maarskalk, Diplomaat (Keiserin of kamerheer of bediendes is foutief).

Enige 2: (2)

3.5 Hofnar lyk baie netjies. (nie beeldskoon nie)/Hofnar lyk perfek of netjies aangetrek.
Niks is uit sy plek uit nie. (1)

3.6 U Ydele vir Kultuur
Korporaal vir Maarskalk (dit moet in hierdie volgorde genoem word, anders verdien die kandidaat slegs die helfte van die punt). (2)

3.7 Hulle gaan hom ontvoer / doodmaak / laat verdwyn./hy sal sy lewe verloor. (1)

3.8 Die ministers staan op aandag. (1)

3.9 Klere-. voorkoms- (1)

3.10 Dit is baie warm daar / op die ewenaar.
Almal dra outydse klere wat nie by die huidige mode of klimaat pas nie. (2)

3.11 Diplomaat (1)

3.12 Die klere maak die man. (1)

3.13 Die volk is kaal / loop in vodde
Die mense aan die hof is goed geklee. (armoede/ weelde) (2)

3.14 Nee. Kultuur moet 'n monokel / vergrootglas gebruik om te kan sien. (2)

3.15 Nee. Hy is nie bang vir die Keiser nie. Hy is juis 'n rebel / opstandeling.
Ja. Daar staan hy loop bang nader (hy weet nie wat die Keiser gaan doen nie)./ Keiser is baie streng. (2)

3.16 Nee. 'n Volk se vlak van beskawing kan nie gereflekteer word in hulle kleredrag nie. (niemand sou die vuilgoed kan sien nie) (2)
**[25]**

## VRAAG 4

## PARAGRAAFTIPE VRAAG

4.1 As gevolg van sy innerklike konflik, beleef die Keiser angsdrome. Hy het 'n vrees dat sy opdragte (beskawingsprogram), om sy volk die beskaafste volk ter wêreld te maak, nie uitgevoer word nie. Hy is verder te bang om te gaan kyk of dit uitgevoer word, want hy is bang hy sien daar word niks aan gedoen nie. Hy is veral bang hy word net soos sy ou mal vader wat kaal in die strate rondgeloop het. Laasgenoemde het as die mal Keiser bekend gestaan. Sy groot probleem is dat hy ander mense te maklik vertrou. Hy is verder 'n dromer wat hom 'n onpraktiese mens / leier maak.

Toe hy besef hy sien wel nie die klere nie, het hy nagmerries begin kry. Die feit dat hy weet hy skeep sy volk af, lei tot angsdrome. Slefs bedags het hy dit gekry. Hy droom dat hy kaal tussen 'n klomp mense deur moet loop. Hy is kranksinnig van angs en is seker dat as iemand hom nie wakker maak nie, hy van die angs sal sterf.

Die Keiser het kaal voor sy volk geloop. Hy het van sy kop af geraak. Hy het dus 'n replika van sy ou vader geword.

Ja: Hy kon meer prakties regeer en kontrole uitoefen./hy moes betrokke en dinamies wees.
Nee: Hy sou nie teen sy aard (as dromer) kon optree nie. (15)

4.2 Die Keiser is verwerk na aanleiding van die sporkie DIE KEISER SE NUWE KLERE. Daar is heelwat ooreenkomste tussen die sprokiesteks en die drama.

Die ooreenkomste tussen die sprokie en die drama is groter as die verskille. Die dramaturg gebruik die basiese verhaallyn, maar maak tot tyd-ruimtelike aanpassings. Die drama speel in die moderne tyd af in 'n onbepaalde tropiese gebied. Die dramaturg voeg ook karakters by. Diplomaat tree nie in die sprokie op nie, net Hofnar. Waar die bedrieërs in die sprokie optree, word hulle die eietydse rebelleleiers in die drama. Ook die Keiser van Utopia kom nie in die sprokie voor nie.

In albei tekste is daar sprake van 'n geskarrel met die klere die aand voor die optog. In die sprokie en die drama tree 'n Keiser op wat klerebehep is. In albei die tekste is daar sprake van die groot optog wat voor die deur is. Die Keiser in die sprokie tree normaal op in die optog, terwyl hy in die drama eers flou word en daarna waansinnig deur die strate paradeer. Waar hy kaal in die sprokie deur die strate loop, het hy darem sy onderbroek in die drama aan. In die drama sit die Keiser sy optog voort ten spyte van sy kaalheid, omdat hy dit in sy waansin nie besef nie. In die sprokie ontken die Keiser sy naaktheid om nie dom te lyk nie ("the show must go on").

In die drama word die kwalifikasie dat 'n dom mens nie die klere kan sien nie, vervang met die verduideliking dat persone wat die Keiser bedrieg, dit nie kan sien nie.

Anders as in die sprokie waar die volk begin uitroep dat die Keiser dan kaal is, prys hulle hom in die drama as die heilige Keiser. (10)
[25]

## AFDELING C

## ROMAN: KRINGE IN 'n BOS – Dalene Matthee

### VRAAG 5

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Saul Barnard | (1) |
| 5.2 | Oupoot. | (1) |
| 5.3 | Hy wil Oupoot die vernedering spaar van Freek Terblans se skoot. | (2) |
| 5.4 | Kate MacDonald. (nie Oupoot nie) | (1) |
| 5.5 | Soos een wat kraansaag trek. (kraansaag) | (1) |
| 5.6 | Houtkapper. | (1) |
| 5.7 | Gerus /rondgelê. | (1) |
| 5.8 | | |
| 5.8.1 | Nee. | (1) |
| 5.8.2 | Hy het 'n bloubokkie se kop oopgekap. (het self ondersoek ingestel) | (1) |
| 5.8.3 | Veertien. | (1) |
| 5.9 | B. | (1) |
| 5.10 | Nee. | (1) |
| 5.11 | Sy alomteenwoordigheid. ('n Mens kan nie vir God wegkruip nie/hoe God vir Adam en Eva kon vind.) | (1) |
| 5.12 | Eden was 'n tuin, nie 'n bos nie. | (2) |
| 5.13 | Daar is geglo Oupoot het Jozef se kind doodgetrap. (Die kind moet geïdentifiseer word) | (1) |
| 5.14 | Veertien. | (1) |
| 5.15 | Hy het geglo die boom lewe. | (1) |
| 5.16 | Nee. | (1) |
| 5.17 | Daar word 'n vraag gevra./Hy is onseker. | (1) |
| 5.18 | Selfs die wortels van die boomvarings is afgevreet. | (2) |
| 5.19 | Dit handel oor houtkappers./Word gebruik in houtkappermilieu. | (1) |
| 5.20 | Olifante. | (1) |
| | | [25] |

## VRAAG 6

## PARAGRAAFTIPE VRAAG

6.1 Saul Barnard onderskei hom van die ander bosmense as denker. Dit is hy wat nie glo die bloubokkie se gal sit in sy kop nie. Hy is die enigste wat ondersoek daarna instel. Hy is die enigste mens wat insien die houtkopers verneuk die houtkappers en dat dit 'n bose kringloop sal bly; die skewe sirkel.

Hy is ook die enigste wat glo dat die houtkappers die Bos vernieting – dit sal nie so kan aanhou nie. Met sy spesiale aanvoeling vir Oupoot, ontstaan daar 'n mens-dier(broer)-verhouding tussen hulle. In die roman is daar geen ander mens wat so 'n verstandhouding met 'n dier het nie.

Saul weier om die Kalander te kap en word deur sy pa verwerp.

Eers was hy Boskind. Op 14 sien hy vir die eerste keer die dorp. Ook vir Kate, 'n meisie. Later gaan werk hy vir MacDonald en word sodoende aan die wrede wêreld blootgestel. Hy raak op Kate verlief en sy leer hom lees, en Engels praat. So brei sy ervaringswêreld uit.

Daarna leer hy delf, meubels maak en aan die einde begin hy sy eie besigheid.

Aan die einde versoen hy met Jozef. Hy laat Izak oplei as meubelmaker en waarborg vir hom 'n toekoms. Hy begrawe Oupoot se tande (uit eerbied) sodat niemand anders dit in die hande kan kry nie. (20)

6.2 MacDonald, die houtkoper sien neer op die houtkappers en buit hulle uit. Hy put genot daaruit om andere te verneder en hulle voor hom te sien kruip. Hy is deurgaans agterbaks en onderduims. Toe Saul by hom kom werk, verbied hy hom om Kate te sien. Later word Saul 'n al hoe groter bedreiging vir MacDonald. Daarom bied hy hom sewe nuttelose erwe aan in Meulbosdorp, iets waardeur Saul gelukkig kon sien. MacDonald verloor die stryd teen Saul en dit nogal deur die toedoen van sy eie dogter, Kate. Sy koop Thompson se hoekerf wat Saul in staat stel om vasstrapplek in daardie gemeenskap te kry. (5)

**[25]**

## VRAAG 7

## TOORBERG – Etienne van Heerden

7.1 Abraham van der Ligt. (2)

7.2 Sy vrou s'n. (1)

7.3 Elke keer as sy bekommerd was, het sy haar hand op die vingerbeentjie gelê. (2)

| | | |
|---|---|---|
| 7.4 | Omdat sy pa se lyk nooit gevind is nie / hy is eers werklik begrawe toe die vingerbeentjie begrawe is. | (1) |
| 7.5 | A. | (1) |
| 7.6 | B. | (1) |
| 7.7.1 | Hy rook (sigare) en drink whisky. | (2) |
| 7.7.2 | Hy het 'n stompie-arm.<br>Van geboorte af. | (1)<br>(1) |
| 7.8 | jare lank (slegs twee woorde) | (2) |
| 7.9 | Om te bepaal wie skuldig is aan Druppeltjie Du Pisani se dood. | (2) |
| 7.10 | Ella Moolman. | (1) |
| 7.11 | Dinamietontploffing. | (1) |
| 7.12 | Heidense pikkewyne. | (1) |
| 7.13 | Skaamfamilie<br>Siefveld. | (2) |
| 7.14 | Dit is die straf op sonde. | (1) |
| 7.15 | C. | (1) |
| 7.16 | B. | (1) |
| 7.17 | Nee. | (1)<br>[25] |

## VRAAG 8

## PARAGRAAFTIPE VRAAG

8.1 Abraham van der Ligt. Voglens sy naam behoort hy lig te kan werp op Druppeltjie du Pisani se dood. Die magistraat word deur Justisie Toorberg toe gestuur om die skuld met betrekkinig tot Druppeltjie du Pisani se dood. Hy is gebreklik gebore met 'n stompie-arm waaraan hy gedurig sal moet smeer. Hy rook graag sigare en drink whishy. Hy skryf ook gereeld briewe aan sy oorlede vrou.

Aanvanklik is hy onbetrokke en kom hy Toorberg toe slegs met die stamboomkennis in sy kop;

Soos wat hy die verskillende mense begin ondervra, raak hy betrokke by die gebeure. Hy skryf briewe aan sy gestorwe vrou as middel waardeur hy sy ervarings verwerk.

Wanneer hy Abel Moolman moet ondervra, is hy weg. Dan raak die magistraat nou betrokke by Ella. Sy sien De La Rey Moolman in hom. De La Rey, is die man met wie sy eintlik wou trou. As gereïkameerde De La Rey, word die magistraat deel van die familie en daarom ook deel van die sonde en skuld. Hy is "ontrou" aan sy gestorwe vrou en "lê aan" by 'n ander man se vrou.

Identifikasie: dit is die kandidaat se eie mening, maar moet logies en gemotiveerd wees. (20)

6.2 Die onderskeid familie- skaamfamilie dui op die rasseskeiding wat steeds in Suid-Afrika bestaan. Die feit dat Floors Moolman 'n verhouding oor die kleurskeidslyn gehad het, sinspeel op dié praktyk voor dit toelaatbaar was. Die Moolmans se trots is tipies van die blanke Suid-Afrikaner. Oneday se bevrydingsteologie kan in verband gebring word met die opstande in die townships in die tagtigerjare van die vorige eeu. (Kandidate mag ook ander sinvolle sake noem). (5)

**[25]**

## VRAAG 9

### BY FAKKELLIG – Karel Schoeman

9.1 Of hy Dublin toe moet gaan. (1)

9.2 Arthur het parlementslid geword. (1)

9.3 Dit is verbode terrein vir hulle. (1)

9.4 A. (1)

9.5 Omdat hy uit 'n gerespekteerde familie kom / om in Arthur se guns te bly / omdat David Arthur se broer is. (1)

9.6.1 Nee. (1)

9.6.2 O Floinn. (1)

9.7 In albei vra die dominee David waarheen hy gaan. (1)

9.8 Nee. (1)

9.9 Om by hulle te kom eet. (1)

9.10 Hy was by Liam O Neill. (1)

9.11 B. (1)

9.12 Liam O Neill. (1)

9.13 Séamas Bán. (1)

9.14 Dit is in 'n kalkput gegooi. (1)

9.15 Liam O Neill. (1)

9.16 Maria Cunningham. (1)

9.17 Sommer (0 as dit meer as een woord is). (1)

9.18 Preek op Sondae, huisbesoek, dinees en jagbyeenkomste bywoon (½ punt elk) (2)

9.19 Rooms Katolieke gemeente is baie groter. (1)

9.20 Studie. Hy lees byna altyd. (2)

9.21 Hy knik en stap verby. (2)
[25]

## VRAAG 10

## PARAGRAAFTIPE VRAAG

10.1 David is baie alleen nadat Alice saam met Arthur Dublin toe is. Hy wandel deur die woud en hoor 'n pagtervrou skree terwyl sy hout optel. O Máille, die jagopsigter, slaan haar met 'n stok. Eers skreeu David op O Máille, maar dit help nie. Hy val hom van agter af aan. O Máille is dood, sy nek is gebreek. (5)

10.2 Die Mis is op Oukersaand buite in 'n dal rondom 'n altaar gehou. Daar is nie sprake van 'n kerkgebou nie. Die Protestantse diens is op Kersfeesoggend in 'n kerkgebou gehou.

Die Rooms Katolieke kom in hulle verslete klere, kaalvoet en baie stil dus, van alle kante (rigtings) aan met brandende fakkels. In die koue dra hulle mantels. Die diens is eenvoudig, maar aandoenlik, mooi. Die priester is in wit geklee. Almal kniel voor die altaar.

By die Protestantse diens is almal baie deftig geklee en lyk na 'n modeparade. Vroue se skoeisel raas op die plaveisel. Daar word plekke aangewys en almal neem plaas volgens rangorde: hoofbediendes, huishoudsters en kameniere. Daar is ook nie so 'n groot skare soos by die Mis nie.

David kniel nie tydens die Mis nie, bly 'n buitestander, maar iets in sy binneste verander tog wel: "By fakkelig is alle dinge vir hom verander, en die wêreld van die daglig kan hy nie meer terugvind nie. "Tydens die Protestantse diens verveel die dominee se preek hom. Hy raak byna aan die slaap. Dit is dus nie vir hom aangrypend nie. David sit ook as buitestander alleen in die familiebank.

Ja, of nee met 'n goeie motivering: kandidaat se eie siening. (20)
[25]

## VRAAG 11

### FIELA SE KIND – Dalene Matthee

| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Fiela. | (1) |
| 11.2 | Vir Nina sodat sy hom die pad teurg Kloof toe kan wys. | (2) |
| 11.3 | Lukas praat nie. | (1) |
| 11.4 | Fiela. | (1) |
| 11.5 | Witmense. | (1) |
| 11.6 | Tant Martjie. | (1) |
| 11.7 | Fiela is op pad Knysna toe. | (2) |
| 11.8 | Nee. | (1) |
| 11.9 | 'n Pluksel volstruisvere en drie volstruiskuikens. | (2) |
| 11.10 | Hy het iemand vermoor (kies Kanghaan). | (1) |
| 11.11 | Wolwekraal. | (1) |
| 11.12 | Hulle verbasing. | (1) |
| 11.13 | A. | (1) |
| 11.14 | Beklemtoon die vrou se woede / erns. | (2) |
| 11.15 | Die ou vrou / tant Gertjie. | (1) |
| 11.16 | Figuurlik. | (1) |
| 11.17 | Fiela / die vrou is soos 'n pot wat moet oorkook. | (2) |
| 11.18 | Nee. Die magistraat het gesê die saak is afgehandel. | (2) |
| 11.19 | Moet nooit sê: fonteintjie ek sal nooit weer van jou drink nie. | (1) |
| | | [25] |

## VRAAG 12

## PARAGRAAFTIPE VRAAG

12.1 Dit is die Lange Kloof en die Bos. In die Lange Kloof is dit baie warm en droog. Mense daar sukkel om 'n bestaan te maak. Hierteenoor staan die Bos. Dit is 'n welige ruie gebied, waar mens maklik kan verdwaal. In die mis kan 'n mens ook maklik die pad byster raak. Die olifante is 'n groot gevaar vir voetgangers. Die bosvloer is meestal klam.

Die inwoners van die Bos is geharde houtkappers wat ongelukkig deur die houtkopers uitgebuit word. Dit is moeilik vir hulle om 'n bestaan te maak. Elias van Rooyen en Barta woon op Barnard-se Eiland. Elias is 'n lui mens wat lankal nie meer houtkapper is nie, maar hom op skrynwerkerwerk toelê. Hy maak balke, want dit is baie meer lonend. Hulle kinders is Willem, Nina en Kristoffel.

Fiela en Selling woon op Wolwekraal. Selling is nie meer baie sterk nie en lê hom toe op die brei van velle, maak van karwatse en swepe asook skoene. Fiela boer met volstruise. Sy is geletterd want sy kan lees en skryf. Sy is 'n baie trotse mens. Die Bosmense is ongeletterd. Lukas moet byvoorbeeld vir hulle uit die Bybel lees. Fiela-hulle se kinders is Kittie, Dawid en Tollie; ook natuurlik haar hanskind, Benjamin Komoetie. (15)

12.2 Toe Lukas uit die Bos uitkom, sien hy die verlate skip by Noetzie en hy identifiseer daarmee. Die ooptes was vir hom wonderlik. Hy kan nie weer teruggaan Bos toe nie. Hy bewonder die see en die skepe. Hy het besef hy sal nooit weer Bos toe kan gaan nie.

Hy trek by Kaliel se houthuis in. Dié wys vir hom 'n wêreldkaart, wat hom beïndruk. Dit laat 'n nuwe wêreld vir hom oopgaan. Hy voel skuldig omdat hy Elias-hulle net so gelos het, maar sus sy gewete; hy sal vir Elias-hulle geld stuur en hy kan terselfdertyd vir Nina oppas. Sy kan maar wild wees en sy moet eintlik opgepas word.

Lukas en Nina probeer hulleself in hierdie tydperk te Knysna vind. Hy besef hy kan nie Lukas wees nie, want hy voel aangetrokke tot haar. Sy is ook verlief op hom. Tog haat sy die seevoëls teenoor die bosvoëls, maar bly daar te wille van Lukas. Sy vertel in die Bos dat hy nooit weer gaan terugkom nie. (10)

[25]

**TOTAAL: 75**

# TABELOMSKRYWING

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK (R)**<br><br>1 Besondere insig.<br>2 Sterk oortuigingskrag.<br>3 Uitstekende inhoudbeheer.<br>4 Deeglike begrip en interpretasie.<br>5 Interessante, sistematiese en logiese beplanning.<br>6 Vraag en antwoord sluit.<br>7 Vraag voortdurend in fokus. | **SKITTEREND (S)**<br><br>1. Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik.<br>2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie.<br>3. Oorspronklike taal en styl.<br>4. Afrikaanse idioom.<br>5. Keurige taalaanwending. |
| **VOLLEDIG (V)**<br><br>1. Besondere insig.<br>2. Oortuigingskrag baie goed.<br>3. Inhoud weldeurdag.<br>4. Duidelike begrip en interpretasie.<br>5. Interessante, logiese beplanning.<br>6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek.<br>7. Vraag en antwoord sluit.<br>8. Vraag in fokus. | **BAIE GOED (BG)**<br><br>1. Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik.<br>2. Goeie styl.<br>3. Keurige taalaanwending – klein foutjies. |
| **EERSTEKLAS (E)**<br><br>1. Meer gebreke.<br>2. Oortuig minder.<br>3. Feite nie volledig nie.<br>4. Aanbieding plek-plek nie logies nie.<br>5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie.<br>6. Vraag nie voortdurend in fokus. | **GOED (GO)**<br><br>1. Meer gebreke, ten opsigte van lees- en skryftekensgebruik.<br>2. Taal en styl begin lomp voorkom.<br>3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid. |
| **GEMIDDELD (GEM)**<br><br>1. Baie gebreke.<br>2. Oortuig soms glad nie.<br>3. Helfte van feite.<br>4. Belangrike feite ontbreek.<br>5. Interpretasie gewoon.<br>6. Aanbieding nie logies nie.<br>7. Vraag en antwoord sluit dikwels nie. | **GEMIDDELD (GEM)**<br><br>1. Nog meer gebreke ten opsigte van lees- en skryftekengebruik.<br>2. Taal en styl vertoon lomp.<br>3. Taalaanwending is slordig. |
| **ONDERGEMIDDELD (OG)**<br><br>1. Baie meer gebreke.<br>2. Oortuig gedeeltelik.<br>3. Belangrike feite weggelaat.<br>4. Interpretasie oortuig nie.<br>5. Aaanbieding is lomp.<br>6. Vraag en antwoord sluit hier en daar.<br>7. Vraag net in enkele gevalle in fokus. | **REDELIK (RE)**<br><br>1. Ernstige gebreke ten opsigte van lees- en skryftekensgebruik.<br>2. Sinsbou is swak.<br>3. Taalaanwending slordig.<br>4. Slaag soms net. |

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **SKRAAL (SK)**<br><br>1. Kandidate druip.<br>2. Vol gebreke.<br>3. Oortuig glad nie.<br>4. Geen insig nie.<br>5. Onbelangrike feite oorheersend.<br>6. Interpretasie swak.<br>7. Aanbieding deurgaans lomp.<br>8. Vraag en antwoord sluit glad nie. | **SWAK (SW)**<br><br>1. Skryf- en leestekengebruik beroerd.<br>2. Sinsbou swak.<br>3. Taalaanwending slordig. |
| **ARM (AR)**<br><br>1. Druip ver.<br>2. Geen insig.<br>3. Weinig kennis.<br>4. Interpretasie pateties.<br>5. Aanbieding onlogies en verward.<br>6. Vraag glad nie beantwoord. | **BAIE SWAK (B SW)**<br><br>1. Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie.<br>2. Taalgebruik uiters swak. |

## AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG

## NASIENTABEL VIR LANGER SKRYFSTUKKE

## TAAL EN STYL

INHOUD

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| VOLLEDIG | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| EERSTEKLAS | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| GEMIDDELD | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| ONDERGEMIDDELD | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| SKRAAL | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| ARM | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

EINDE